

VRAELYS INSAKE OUER- ONDERWYSERKONTAK

Navorsers: W. Postma
 Departement Fundamentele Opvoedkunde
 Bussie 8
 PU vir CHO
 Potchefstroom
 2520

Beantwoord asseblief die volgende vrae, gegrond op u ervaring en kennis oor die onderhawige onderwerp, in die ruimtes wat daarvoor oopgelaat is.

1. Hoe belangrik is ouer- onderwyserkontak vir die ouer?

Baie belangrik
 Belangrik
 Nie belangrik nie

Motiveer u antwoord:

2. Hoe belangrik is ouer- onderwyser kontak vir die onderwyser?

Baie belangrik
 Belangrik
 Nie belangrik nie

Motiveer u antwoord:

3. Op grond van watter drie beginsels is ouer- onderwyserkontak volgens u noodsaaklik?

.....

4. Wat is, volgens u kennis en ervaring, die drie belangrikste knelpunte in ouer- onderwyserkontak vir:

4.1 die ouer?

4.2 die onderwyser?

5. Soms word daar beweer dat daar negatiewe gesindhede by onderwysers ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in skole bestaan.

5.1 Het u dit dikwels ervaar?
 Het u dit selde ervaar?
 Het u dit nooit ervaar nie?

5.2 Wat is die drie belangrikste redes vir negatiewe gesindhede by onderwysers ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in skole?

.....

6. Eweneens beweer sommige skrywers dat ouers negatief ingestel is jeens ouerbetrokkenheid by skole

- 6.1 Het u dit dikwels ervaar?
 Het u dit selde ervaar?
 Het u dit nooit ervaar nie?

6.2 Wat is die drie belangrikste oorsake vir negatiwiteit by ouers ten opsigte van ouerbetrokkenheid by skole?

.....

7. Wat is volgens u die drie belangrikste redes vir positiewe gesindhede by ouers oor ouer- onderwyserkontak?

.....

8. Noem die drie belangrikste oorsake volgens u vir positiewe gesindhede by onderwysers oor ouer- onderwyserkontak

.....

9. Het effektiewe ouer- onderwyserkontak enige waarde vir:

9.1 die kind/leerling?

.....

9.2 die ouer?

.....

9.3 die onderwyser?

.....

10. Hoe word ouer- onderwyserkontak in Blanke onderwys in die Republiek van Suid-Afrika bewerkstellig?

10.1 Baie effektief
 Effektief
 Onvoldoende

10.2 Indien ouer- onderwyserkontak onvoldoende in die RSA is, hoe sal dit, volgens u oordeel, reggestel kan word?

.....

11. Vermeld asseblief enige verdere inligting wat nie deur bostaande vrae gedek word nie in die onderstaande ruimte:

.....

Ek sal dit hoog op prys stel as u ook 'n kurrikulum-vitae van uself by u antwoord sal insluit.

Baie dankie vir u welwillende samewerking!

SAMEVATTING VAN ANTWOORDE OP VRAELYS (VGL. BYLAAG 1)

VRAAG 1: Hoe belangrik is ouer- onderwyser kontak vir die ouer?RESPONDENTANTWOORD 1)

- 1 Baie belangrik. Vir die opvoeding en onderrig van ouers se verbondskind (Hy is koningkrykskind- Hy is beelddraer van God) Vir 'n eenheid en kontinuïteit van die opvoeding noodsaak vennootskap. (Doopbelofte- kind & onderrig/te laat onderrig) Vir strewe na effektiewe kommunikasie tussen ouer en skool.
- 2 Baie belangrik. Skool is 'n voortsetting van die opvoeding tuis, en alhoewel gespesialiseerd, is 'n ononderbroke skakeling issensieel ter wille van die kind, onderlinge begrip tussen huis en skool en die omstandighede aldaar.
- 3 Baie belangrik. 'n Onderwyser is nie 'n plaasvervanger vir die ouer nie, maar hy is 'n essensiële hulp. Beide is opvoeders. Elk dra 'n eie besondere en noodsaaklike deel by. Daarom is kontak noodsaaklik. Onderwyser leer die gesinsituasie ken en weet beter hoe om teenoor die kind op te tree. Ouer leer kind ook in skoolsituasie ken. Leerprobleme en houdings by kinders kan beter bekamp word. Lewens- en wêreldbeskoulike. Hoewel onmiddellike onderwys en opvoedingsdoel verskil is uiteindelijke doel dieselfde by ouer en onderwyser nl. om kind te leer om tot eer van God te lewe.
- 4 Baie belangrik. Vir my as ouer is dit belangrik om te weet wie vir my kind skoolhou. Ek moet weet wat is my kind se onderwyser se beginsels t.o.v. opvoeding dissipline ens. sodat my uitkyk en syne nie lynreg in stryd met mekaar staan nie want dit kan 'n negatiewe invloed op my kind hê. Ons moet goeie vennote wees.
- 5 Baie belangrik. As vennote in die onderwys en opvoeding van die kind is kontak - en dus samewerking om 'n gemeenskaplike doel te bereik - onontbeerlik. Die ouer moet kennis dra van die werk wat die onderwyser doen; ook om hom te vergewis dat dit volgens die lewensbeskouing van die ouer is. Heel prakties gesien is kontak noodsaaklik omdat onderwyser en ouer van mekaar se standpunte en opvoedingspraktyke moet kennis dra.
- 6 Baie belangrik. Ouer het doopbelofte afgelê. Dit bring verantwoordelikhede mee op kontinue basis - ook gedurende skoolloopbaan van kind. Sonder kontak met onderwyser is nakoming van doopbelofte onmoontlik. Ouers se prinsipiële reg om by onderwys van hul kind betrokke te bly mag hul nie ontnem word nie. Die skool is basies instelling van ouergemeenskap. Om dié stelling in praktyk waar te maak is ouer- onderwyserkontak belangrik.

1) Alle antwoorde word gegee in die direkte onveranderde ('n presiese) weergawe van die verskillende respondente,

RESPONDENTANTWOORD

- 7 Baie belangrik. Dis eintlik onontbeerlik. As geroepe opvoeder aan wie 'n kind deur God toevertrou is bly hy verantwoordelik vir wat in die skool met sy kind gebeur. Dan kan hy sorg dat die onderwyser hom aanvul.
- 8 Belangrik. Die feit dat ouer-onderwyserverenigings gewoonlik met die inisiatief van die onderwysers tot stand kom, bevestig dit. Ouers beskou die kontak as belangrik, maar reken om die een of ander rede dat die onderwyser die ouer moet kom opsoek.
- 9 Baie belangrik. Die ouer stel normaalweg belang in sy kind. Nou beweeg die kind uit sy "beheerveld". Ouer voel ook dalk onkundig oor wat in die skool gebeur - wil graag help. Baie sterker op primêre skoolvlak as sekondêre.
- 10 Baie belangrik. Indien dié kontak ontbreek dreig die gevaar dat die kind daagliks mag pendel tussen twee opvoedingstelsels, dié van die skool (onderwyser) en dié van die huis (ouer), en dus met botsende dissiplinebenaderings, waardekomplekse ens. te make kry.

VRAAG 2: Hoe belangrik is ouer- onderwyserkontak vir die onderwyser?RESPONDENTANTWOORD

- 1 Baie belangrik. Onderwyser moet kennis dra van die kind se gesitueerdheid tuis. Om ouer meer begrip te gee vir die probleme en behoeftes t.o.v. die onderrigssituasie. Onderwyser wil weet in hoe 'n mate hy sy doelwitte bereik.
- 2 Baie belangrik. Die opvoeder hanteer die opvoedings- en onderrigssituasie op skool. Ten einde reg te laat geskied hieraan, moet beide die ouer en onderwyser op hoogte wees met omstandighede, optredes, ens. in die skool en tuis. Wedersydse raadpleging is essensieel. Begrip is in hierdie geval die wagwoord.
- 3 Baie belangrik. Punt 1 geld ook hier- in omgekeerde sin.
- 4 Baie belangrik. Dit help nie vir 'n onderwyser om net die kind te ken nie, want die kind is tog immers die produk van die huis. Die ervaring het geleer dat hoe beter jy die ouer ken hoe positiewer is die kind t.o.v. sy skoolwerk en die kind is ook baie meer lojaal teenoor jou as onderwyser.
- 5 Baie belangrik. Soos 1 hierbo as vennote is samewerking ter bereiking van 'n gemeenskaplike doel noodsaaklik. Die onderwyser moet die ouer(s) ken om waarlik sy sekondêre opvoedingswerk voort te sit op die basis van die oortuigings van die primêre opvoeders. Ter wille van die praktiese sake rondom die skoolonderwys huiswerk, funksies, fondsinsamelings, ens.
- 6 Baie belangrik. Onderwyser moet beseft dat hy nie ouer vervang in onderwys- en opvoeding nie maar hy is onontbeerlike vennoot. Deur kontak met ouer kan onderwyser doeltreffend geestelike, fisiese en psigiese opvoeding van kind tot sy reg laat kom. Die onderwyser kan en moet met sy pedagogiese wetenskaplike kennis die ouer van ontsaglike hulp wees.
- 7 Baie belangrik. Onontbeerlik. Onderwyser is geroepe om die ouer aan te vul. Slegs moontlik as daar vennootskap tussen ouer en aanvullende ouer is. Kan dan aansluit by huis en reglynig voortgaan.
- 8 Baie belangrik. Die onderwyser wat dit baie belangrik ag probeer doelbewus die ouers te besoek by hulle huise. Diegene wat ouerbesoek nie as 'n noodsaaklikheid sien nie, word gewoonlik deur die skoolhoof aangesê of aangemoedig om dit te doen.
- 9 Belangrik. Nie so belangrik as vir ouer. Sommige onderwysers beleef die kontak ook negatief. Voel bedreig.
- 10 Baie belangrik. (Weereens teoreties beskou.) Die onderwyser is sekondêre opvoeder aansluitend by en aanvullend tot die primêre opvoeder. Hy moet dus, ten einde te weet waarby hy moet aansluit en waartoe hy moet aanvul, die primêre opvoeding wat die kind ontvang ken - deur kontak met die ouer.

VRAAG 3: Op grond van watter drie beginsels is ouer- onderwyserkontak volgens u noodsaaklik?

RESPONDENTANTWOORD

1. Opvoedingskommunikasie is alleen toereikend wanneer opvoeders in die primêre (ouers) sowel as sekondêre (onderwyser) opvoedingsmilieu dieselfde
 - * behoorlikheidseise naleef
 - * positiewe ingesteldheid handhaaf
 - * betrokkenheid by begeleiding van die kind nastreef.
2.
 - * Kennis van die kind in optrede tuis en in die skool (Vordering ens.)
 - * Begrip van beide komponente
 - * Oorlegpleging
3.
 - * Die beginsel van die opvoeding as 'n eenheidsbegrip - elk= een dra 'n eie faset by
 - * Christelik - nasionale onderwys is 'n diepe oortuiging, 'n uitgangspunt. Dit eis samewerking
 - * Die doopgelofte vereis dit.
4.
 - * Opvoedkundig
 - * Godsdienstig
 - * Maatskaplik
5.
 - * Gemeenskaplikheid van lewensbeskouing wat in die opvoeding verwerklik word
 - * Vennootskap in die opvoeding, primêre en sekondêre opvoeders
 - * Die ouer is finalitêr verantwoordelik vir sy kind - dus ook vir die opvoeding wat sy kind in die skool kry.
6.
 - * Skoolonderrig en -opvoeding is voortsetting van tuis- of oueronderrig en opvoeding
 - * Beide ouer en onderwyser is geroepenes (as subjekte) deur God om die kind (objek) deur onderwys in opvoeding te lei tot volwassenheid
 - * Die aard en struktuur van die skool as 'n samelewingsverband wat 3 konstituerende partye verteenwoordig, nl. ouers, staat, en onderwyserskorps, noodsaak samewerking. (Maak struktuur= analise van skool). Ek het dit van die universiteit gedoen in "Die Opstandige student".
7.
 - * Geroepenheid by albei tot dieselfde einddoel met dieselfde kind
 - * Ware opvoeding kan slegs geskied wanneer daar by religie/ lewensbeskouing harmonie by hulle bestaan
 - * Die ouer moet saam met die onderwyser die skool se opvoedkundige geloofsbelydenis (skoolcredo) opstel en in praktyk bring.
8.
 - * Daar is eintlik net EEN beginsel nl. die van opvoedingsvennootskap.
9.
 - * Vennootskappedagte
 - * Doopbelofte
 - * Welsyn van kind

RESPONDENTANTWOORD

- 10
- * Die beginsel van kontinuïteit tussen huislike en skoolse opvoeding
 - * Die beginsel van vennootskap tussen ouers op grond van die eenheid van die opvoeding
 - * Die beginsel van ouerinspraak by alle opvoeding van sy kind - op grond van die verbondsgedagte.

VRAAG 4: Wat is, volgens u kennis en ervaring, die drie belangrikste knelpunte in ouer- onderwyserkontak vir:

4.1 die ouer

4.2 die onderwyser

RESPONDENTANTWOORD

- 1.
- 4.1 ouer
- * Akademiese mindersynsbeleving/meerdersynsbeleving by baie ouers ontnem vrymoedigheid tot betrokkenheid
 - * Wanneer ouers hulle opvoedingsverantwoordelikheid tuis nie roepingsbewus nakom nie, word 'n groter las op die onderwyser geplaas
 - * Onontwikkelde potensiaal van die ouers skep klimaat ontoereikende ouer- onderwysersamewerking
- 4.2 onderwyser
- * Kunsmatige betrokkenheid (net ouers wat belangstel kom)
 - * Kontak word soms nie volgens prosedure gedoen nie (Direkte inmenging)
 - * In baie opsigte is daar van die ouers se kant nie weer terugvoering
- 2
- 4.1 ouer
- * Pogings word met argwaan bejeen
 - * Gebrek aan kommunikasie
 - * Professionele outonomie
- 4.2 onderwyser
- * Gebrek aan belangstelling
 - * Ongeregverdigde kritiek
 - * voorskriftelike insprake
- 3
- 4.1 ouer
- * Belangstelling by ouers t.o.v. die wesentlike in die onderwys. Ouers aanvaar alles is in goeie hande
 - * Ouers het gewoonnd daaraan geraak dat hulle weinig te sê het
 - * Hulle word weinig deur onderwysers daartoe geïnspireer - behalwe 'n oop aand by die skool - nou en dan - by Ouer-Onderwysersbyeenkomste is dit meesal 'n onderwyser-ouerbyeenkoms Inisiatief by onderwysers
- 4.2 onderwyser
- * Hy kom redelik goed sonder die ouer klaar insover dit sy ampspligte betref
 - * Hy beskou ouer al te gou as 'n bedreiging veral as die ouers oor meer as koeksisterbak en vervoerhulp wil praat
 - * Beskouing dat skool 'n staatskool is en nie 'n ouerskool nie.

RESPONDENTANTWOORD

- | | | |
|---|----------------|---|
| 4 | 4.1 ouer | <ul style="list-style-type: none"> * Afstand * Tyd * Werksomstandighede * Skeptisisme en onkunde t.o.v. die onderwys * Gebrek aan belangstelling van die kant van die ouer |
| | 4.2 onderwyser | <ul style="list-style-type: none"> * Finansies * Tyd - Druk program * Gebrek aan belangstelling van die kant van die ouer |
| 5 | 4.1 ouer | <ul style="list-style-type: none"> * Die ouer word (nog) nie effektief deur die skool betrek en betrokke gemaak nie * Ouers weet nie waar en hoe hulle betrokke kan wees nie en 'n bydrae kan lewer nie * Ouers meen soms dat kontak van hulle kant af nie verwelkom word nie |
| | 4.2 onderwyser | <ul style="list-style-type: none"> * Daar bestaan nie doelmatige strukture wat kontak tussen ouer en onderwyser (skool) op 'n gereelde basis moontlik maak nie. * Ouers kan op die professionele vlak probeer inmeng (bv. oor die metode van onderrig gee) * ouers kan aan onderwysers probeer voorskryf wat en hoe hulle hulle onderwysprogram moet organiseer. |
| 6 | 4.1 ouer | <ul style="list-style-type: none"> * Die "ou" onderwyswetgewing (1907 e.a.) het meegebring dat ouers hulle kinders aan skool koshuis "afgee" en "oorlaat" * Ouers het self skuld deur meer en meer onbetrokke te raak * Die idee dat opvoeding gesamentlike taak van ouer en onderwyser is, het verdwyn * Die ouer ken veral in groot skole, nie die onderwysers nie |
| | 4.2 onderwyser | <ul style="list-style-type: none"> * Die onderwyser misgun in die reël die ouer sy reg tot vennootskapsverhouding * Die onderwyser maak te min opsetlike en persoonlike kontak met ouer * Die onderwyser is bang sy professionele heiligdom word aangetas as ouer "inmeng". (Hierdie punt word by volgende vraag gedupliseer. |
| 7 | 4.1 ouer | <ul style="list-style-type: none"> * Die ouer wat 'n alweter is en die een wat homself minderwaardig ag het geen ware onderwyser(skool) kontak nie. * Ouers beskou dikwels die skool as 'n outonome instelling waarin hy geen seggenskap het nie en wie se hek sy bemoeienis uitsluit: (Verbode terrein, hou jou hande af). * Skool en huis is opponente wat mekaar beveg en afkraak |
| | 4.2 onderwyser | <ul style="list-style-type: none"> * Beskou homself as outoriteit en die ouer as onkundig. Beter daaraan toe as daar min kontak is. * Beskou ouer as deel van sy probleem. i.p.v. as deel van die oplossing daarvan. Kontak ouer slegs om kind te verkla |

RESPONDENTANTWOORD

- 7 (vervolg) * Ware ouerkontak lê hoë eise op persoonlikheid, vrye tyd en selfs inkomste terwyl daar eintlik geen erkenning daaraan verleen word nie.
- 8 4.1 ouer * Gebrek aan vertroue in goeie bedoelinge van die onderwyser
* 2 en 3 by 4.2
4.2 onderwyser * Onderwyser sien dit as inmenging in sy sake as die ouer hom by die skool kom besoek en sy kind met die onderwyser bespreek
* Stedelike gemeenskappe minder ingestel op die maak van kontak (Leef in afsonderlike wêrelde)
* Gebrek aan kennis t.o.v. wat opvoedingsvennootskap werklik behels
- 9 4.1 ouer * Vrees dat hy/sy lastig is
* Vrees dat negatiewe optrede ens. op die kind "uitgehaal" sal word
4.2 onderwyser * Gebrek aan riglyne en struktuur
* Opleiding van die onderwyser - geen t.o.v. ouer - onderwyserkontak
* Vrees dat sy professionaliteit aangetas sal word
* Gebrek aan riglyne en struktuur.
- 10 4.1 ouer * Onkunde in verband met sy rol by die skoolopvoeding van sy kind
* Die massafisering en versaakliking van formele onderwys waarteenoor die ouer homself verdwerg voel
* Afwesigheid in die opleiding van onderwyser van die gesigshoek dat hy 'n vennoot in die opvoeding saam met die ouer is. Gevolglik 'n gevoel van bedreiging deur die ouer wanneer die inspraak uitoefen.
4.2 onderwyser * Afwesigheid van opleiding in vaardigheid van gesprekvoering en konferensie met ouers
* Die verskraling van die teorie oor die pedagogiese situasie tot die relasie onderwyser - leerling. Gevolglik is die ouer eintlik uitgeteoretiseer uit die opleiding
* Ouers wat hulle inmeng in professionele aangeleenthede (Ek het egter min hiervan teëgekóm).

VRAAG 5: Soms word daar beweer dat daar negatiewe gesindhede by onderwysers ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in skole bestaan.

5.1 Het u dit dikwels / selde / nooit ervaar nie?

5.2 Wat is die drie belangrikste redes vir negatiewe gesindhede by onderwysers ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in skole?

RESPONDENT

ANTWOORD

- | | | |
|---|-----|---|
| 1 | 5.1 | Het dit dikwels ervaar |
| | 5.2 | <ul style="list-style-type: none"> * Sommige ouers kan voorskriftelik wees * Sommige ouers onderskat die onderskeidingsvermoë/oordeelsvermoë/standaard van die onderwyser * Sommige ouers bemoei hulle met sake wat eintlik op die terrein van die onderwyser lê. |
| 2 | 5.1 | Het dit selde ervaar |
| | 5.2 | <ul style="list-style-type: none"> * Inspraak dui dikwels op voorskrifte * Onprofessionele gedagtes en uitsprake * Kritiek op optredes van die onderwyser |
| 3 | 5.1 | Het dit dikwels ervaar |
| | 5.2 | <ul style="list-style-type: none"> * My ervaring was skokkend in situasies waar ouerinspraak in onderwysgeledere ten sprake kom. Onderwysers, veral hoofde voel hulle onmiddellik bedreig. Skoolhoofde het groot geword met die idee dat hulle alleenspraak het t.o.v. opvoedende onderwys. Die huidige tendens by onderwysersonderrig is juis nou om die status van die onderwyser steeds verhoog te kry. * Ouers is in 'n noodtoestand omdat hulle nie hulle kinders <u>kan</u> onderrig en opvoed volgens eise van die huidige tyd nie. Onderwysers weet die ouers kan nie. * Sommige ouers misbruik die gesagsituasies waarin hulle soms geplaas word - wil by hoof verby met onderwysers lol. |
| 4 | 5.1 | Het dit selde ervaar |
| | 5.2 | <ul style="list-style-type: none"> * Ouers tree nie op volgens departementele voorskrifte nie * 'n Ouer kan die skool in verleentheid bring en kan nie verantwoordelik gehou word nie. Die skool moet dan die skuld dra * Die ouer se doelstellings en motiewe is nie opvoedkundig of in ooreenstemming met die skool se beleid en doelstellings nie. |
| 5 | 5.1 | Het dit selde ervaar |
| | 5.2 | <ul style="list-style-type: none"> * Vrees vir inmenging op die professionele terrein * Ouers is lastig - neem onnodig tyd op van die onderwyser * Ouers probeer hulle kinders bevoordeel deur hulle betrokkenheid |
| 6 | 5.1 | Het dit selde ervaar |
| | 5.2 | <ul style="list-style-type: none"> * Onderwysers voel te gou "bedreig" as ouers intens belangstelling toon in skool |

RESPONDENTANTWOORD

- 6 (vervolg) * Onderwysers verwar belangstelling van ouers soms met bemoeisiekheid of 'n oortreding op professionele terrein, terwyl talle ouers inderdaad hoogs geskool is
* Ek het ervaar dat met stigtingsvergaderings van ouer=verenigings onderwysers soms meen dat dit 'n "contra"-beweging teen hulle is.
- 7 5.1 Het dit dikwels ervaar
5.2 * Vermy graag ouerinmenging in die skoolsake
* Die skool moet op homself aangewese wees om die mas op te kom en reg te skaaf aan die swak huislike produkte wat hulle kry
* Ouers breek af wat die skool opbou
* Ek is onderwyser, nie kinderoppasser of sportafriester nie. Beskou dus die kind as som van kennis (verstand), siel (emosie) en liggaam en wil terreine skei.
- 8 5.1 Het dit dikwels ervaar
5.2 Sien 4.2
- 9 5.1 Het dit dikwels ervaar
5.2 * Onderwyser voel sy professionaliteit word aangetas
* Maak inbreuk op sy tyd
* Houding van die ouer.
- 10 5.1 Het dit selde ervaar.
5.2 Vergelyk 4.2. Die ouer was so lank uit die prentjie en die onderwyser alleen in beheer dat sommige onderwysers met moeite georiënteer raak aan devolusie van gesag.

VRAAG 6: Eweneens beweer sommige skrywers dat ouers negatief ingestel is jeens ouerbetrokkenheid by skole

6.1 Dikwels, selde, nooit

6.2 Drie belangrikste oorsake vir negatiewiteit by ouers ten opsigte van ouerbetrokkenheid by skole

RESPONDENTANTWOORD

- 1 6.1 Het dit dikwels ervaar
6.2 * Vrees van diskriminasie wat tot nadeel van die kind strek
* Huiwering om addisionele pligte opgelê te word
* Vrees van konflik/konfrontasie
- 2 6.1 Het dit dikwels ervaar
6.2 * Gebrek aan belangstelling
* Dit is die soewereine taak van die skool
* Tydrowend en moeilike inbreuk op vrye tyd
* Nie professioneel sinvol nie.

RESPONDENTANTWOORD

- 3
- 6.1 Het dit dikwels ervaar
- 6.2 * Staatsonderwys gratis
 * Ouers het in werklikheid weinig te sê oor die wesenlike in die onderwys. By beheerrade/skoolkomitees kom dit nie verder as aanbevelings, selfs wanneer 'n keurraad die persone gekeur het, mag die ouerverteenwoordigers nie 'n aanstelling maak nie - wel die Direkteur. Watter sin het dit?
 * Baie ouers is te traag. Hulle het geen besef van werklike opvoeding en onderwys vandag nie.
- 4
- 6.1 Het dit selde ervaar
- 6.2 * Selfsugtigheid. Die skool moet sy kind leer en basta met die res
 * Werkomstandighede
 * Finansies en afstand
 * Onkunde en 'n verkeerde beeld van die onderwys.
- 5
- 6.1 Het dit selde ervaar
- 6.2 * 'n gevoel dat die skool die ouer nie werklik as 'n vennoot wil betrek by die aktiwiteite van die skool nie
 * Dat onderwysers net met die kind wil werk en die ouer op 'n afstand wil hou
 * Die standpunt van sommige ouers dat dit die skool (en slegs die skool) se taak is om opvoedende onderwys te gee.
- 6
- 6.1 Het dit selde ervaar
- 6.2 * Enkele statutêre liggame (skoolraad, beheerraad) het in oog van baie ouers verantwoordelikheid oorgeneem
 * Skool het ouers bederf deur tyd en aandag van kinders volledig in beslag te neem
 * Ouers is bang onderwysers sal hulle beskou as "oninlig" of "kruiperig" - ook dat onderwysers dit op hulle kind sal uithaal as hulle kritiek lewer.
- 7
- 6.1 Het dit dikwels ervaar
- 6.2 * Ouers besef hulle onderwys-minderwaardigheid en die onderwyser se meerderwaardigheid in die opsig
 * Kyk punt 5.2.4 hierbo
 * Dis die staat se skool en hy moet sorg dat alles reg uitwerk
 * Skool en huis is opponerende faksies
- 8
- 6.1 Het dit dikwels ervaar
- 6.2 Sien 4.1
- 9
- 6.1 Het dit selde ervaar
- 6.2 * Gespesialiseerdheid van die lewe - ouer aanvaar dat die skool weet wat hy doen
 * Gebrek aan tyd
 * Gesindheid van die onderwysers

RESPONDENTANTWOORD

- 10
- 6.1 Het dit selde ervaar
- 6.2 * Onverskilligheid vanweë 'n materialistiese gees en 'n waarde- en roepingsvervlakking
 * 'n Skewe beskouing wat 'n skeiding maak tussen opvoeding (sg. taak van die huis) en onderwys (sg. taak van die skool)
 * 'n Houding by sommige ouers (dit hou verband met 1) dat die onderwysers vir dié werk betaal word en daarom alles moet doen.

VRAAG 7: Wat is volgens u die drie belangrikste redes vir positiewe gesindhede by ouers oor ouer-onderwyserkontak?

RESPONDENTANTWOORD

- 1
- * Kontinue en wedersydse opneem van verantwoordelikheid vir die opvoeding
 - * Baie ouers het simpatie met die onderwyser se soms moeilike taak
 - * Dat die skool 'n effektiewe aanvulling is by die huislike opvoeding.
- 2
- * Dit gaan om die welsyn van die kind
 - * Waardering vir optrede van onderwysers en die skool in die algemeen
 - * Opregte belangstelling
- 3
- * Daar is ouers wat wel bewus is van die noodsaaklikheid van die kontak m.d.o. die beste onderwys en opvoeding aan hul kind
 - * Die Christelike en nasionale (volkseie) beskouing wat diep in baie ouerharte setel vereis goeie kontak met onderwysers
 - * Die Afrikaanse ouervereniging en die invloed van die drie Afrikaanse Kerke werk mee dat die positiewe ook daar is. Hiermee het die RGN onderwysverslag moontlik ook reeds as prikkel gedien.
- 4
- * Belangstelling in sy eie kind
 - * Prestasies deur die kind
 - * Gesindhede van skool en personeel t.o.v. die onderwys
 - * Belangstelling van onderwyser in kind
 - * Prestasies van skool
- 5
- * Die ouer wil as primêre opvoeder met sy kind se onderwyser (skool) saamwerk
 - * Die eenheid van lewensbeskoulike oortuiging by ouer en onderwyser
 - * Waardering vir wat die onderwyser vir sy kind doen.
- 6
- * As ouers oortuig raak dat onderwysers hulle goeie bedoelinge aanvaar
 - * As ouers bemerk dat hulle steeds deur onderwysers as primêre opvoeders erken word

RESPONDENTANTWOORD

- 6 (vervolg) * As ouers bemerk dat onderwysers graag met hulle kontak wil opbou
* As ouers bemerk dat onderwysers hulle nodig het t.o.v. twee basiese opvoedingsaangeleenthede nl. dissipline en tuisskoling van die kind.
- 7 * Die aanwesigheid van harmoniërende religieuse en lewens= beskoulike benaderings
* Die kind moet opgevoed word tot 'n hele mens wat God se beeld altyd beter moet vertoon
* As die ouer besef dat hy ook werklik in die skool se opvoedende onderwys betrokke is en seggenskap het.
- 8 * Skoolhoof se positiewe rol
* Onderwyser se begeerte om besoeke af te lê en kind en sy ouers beter te leer ken
* 'n Besef van wat opvoedingsvennootskap is.
- 9 * Gemeenskaplike belangstelling in die kind
* Kind vorder beter
* Ouer voel betrokke
- 10 * Liefde vir die kind
* Die besef van 'n verbondspilg
* 'n Aanvaarding van 'n vennootskapsituasie.

VRAAG 8: Noem die drie belangrikste oorsake volgens u vir positiewe gesindhede by onderwysers oor ouer-onderwyserkontak

RESPONDENTANTWOORD

- 1 * As daar waardering is by die ouer t.o.v. dit wat deur die onderwyser vir die kind gedoen word
* As daar respek openbaar word vir hom as professionele opvoeder
* As die onderwyser te alle tye die daadwerklike steun/ondersteuning van die ouer geniet.
- 2 * Wedersydse begrip en aanvaarding
* Positiewe uitsprake
* Erkenning van die onderwyser se aandeel
- 3 * Die ware opvoeders weet dat hulle vennote met ouers in die opvoedingsgeheel is
* Die OOV het dit bevorder - veral in Transvaal
* Die kerke bevorder die gedagte steeds
* Onderwysers weet dat die nuwe staatsbedeling dit vereis.
- 4 * Belangstelling van ouer in sy kind se doen en late
* Positiewe gesindheid van ouer
* Bywoning van skoolfunksies deur ouer
- 5 * Goeie onderwyser-ouerkontak verbeter die kontak en begrip tussen leerling en onderwyser
* Die gevoel dat sy werk waardeer word omdat die ouer weet wat hy doen

RESPONDENTANTWOORD

- 5 (vervolg) * Daadwerklike bydrae (finansieel en andersins) tot die verbetering van geriewe, onderwysmiddele, ens.
- 6 * Onderwysers wat die vennootskapsidee met ouers nie net teoreties aanvaar nie maar in die praktyk toepas
* Onderwysers wat met vrymoedigheid ouers raadpleeg of hulle hulp inroep t.o.v. die kind
* Onderwysers wat besef hoe onontbeerlik hulp van ouers is t.o.v. buitemuurse bedrywighede - o.a. fondsinsamelings
- 7 * Kyk 7.1 (Die aanwesigheid van harmoniërende religieuse en lewensbeskoulike benaderings)
* Om hierdie rede moet daar eenheidsopptrede wees
* Daarom is die ouer deel van die oplossing van die skool= probleem van opvoedende onderwys. Die ouer, onderwyser en kind vorm 'n vennootskap.
- 8 * 1 en 3 by 7 d.i.
Skoolhoof se positiewe rol
'n Besef van wat opvoedingsvennootskap is
* Ouers se begeerte om besoeke af te lê en onderwyser beter te leer ken.
- 9 * Onderwyser ken die kind beter
* Onderwyser se "gesagsveld" brei uit
* Ouer kan as vennoot deel hê aan die onderwys.
- 10 * 'n Suiwer beskouing oor die eenheid van die opvoeding en die opvoedeling
* Aanvaarding van 'n vennootskapsbedeling
* 'n Strewe om die beste belang van die kind te dien.

VRAAG 9: Het effektiewe ouer- onderwyserkontak enige waarde vir:
1) die kind 2) die ouer 3) die onderwyser?

RESPONDENTANTWOORD

- 1 die kind * Ja, wederwysde opneem van pedagogiek verantwoordelikheid skep toereikende geborgenheid
die ouer * Ja, dit skep 'n toereikende vertrouensverhouding tussen opvoeders onderling
die onderwyser * Ja, die ouer se positiewe gesindheid skep die nodige vertrouwe en dra by tot sinvolle bemoeienis. Die ouer se ondersteunende rol t.o.v. sy kind se onderwys skep 'n onmisbare vennootskap.
- 2 die kind * Ja
die ouer * Ja
die onderwyser * Ja
- 3 die kind * Beslis. Die kind word uit meer as een hoek met meer kennis en beplan benader in beide ouerlike en skoolse opvoeding

RESPONDENTANTWOORD

- 3 die ouer * Ja, die ouer weet meer wat werklik in die skool met sy kind aangaan. Dit stel hom gerus en in staat om ook sy deel te doen
- die onderwyser * Ja, dieselfde geld die ware onderwyser. Ek dink vir die man wat onderwys gee om 'n lewe te maak, geld dit nie veel nie.
- 4 die kind * 'n Baie groot waarde
- die ouer * Baie beslis. Dit gee die ouer 'n kykie in die skoolwêreld van sy kind en stel die ouer positief in t.o.v. die werk wat die onderwyser doen gevolglik beïnvloed die ouer die kind ook positief
- die onderwyser * Ja beslis.
- 5 die kind * Ja, want hy word daardeur meer positief ingestel teenoor die skool, skoolwerk en sy opvoeding in die algemeen
- die ouer * Ja, (kyk vraag 1)
- die onderwyser * Ja (kyk vraag 2)
- 6 die kind * Ja beslis omdat;
1. Daar kom kontinuïteit in die opvoedingsproses t.o.v. gees en rigting
 2. Dit bring sekuriteit by kind as opvoeders kommunikeer
 3. Dit vermy dualisme in opvoeding en verhoed gesplete persoonlikheid by kind
- die ouer * Ja
1. Ouer wil graag uit 'n ander se mond hoor van kind se prestasies
 2. Waar mislukkings voorkom kan ouer onderwyser ontsaglik help
 3. Ouer kan beter vir toekoms van kind beplan t.o.v. vak- en beroepskeuse as hy advies van onderwyser bekom
 4. Dit kan ouerbetrokkenheid by skool bevorder.
- die onderwyser * Ja
1. Onderwyser kan kind, met kennis van sy agtergrond, gouer en beter verstaan.
- 7 die kind * Beslis ja!
- Die kind besef daar is gladwerkende spanwerk Ouerhuis en skool kan nie teenoor mekaar afgespeel word nie. Daar is geen verdeelde trou nie en geborgenehid word verseker
- die ouer * Beslis ja!
- Ouer en onderwyser werk bewustelik en doelgerig saam. Hulle ken mekaar is enersbelydend. Die ouer kan dus help, weet waar en hoe om te help. Hy het vrymoedigheid om hulp aan te bied. Hy is verantwoordelik met die hulp van die onderwyser in die skool se gees en rigting.

RESPONDENTANTWOORD

- 7(vervolg) die onderwyser * Beslis ja!
Hy het die ouer nou as vennoot. Hy ken die kind nou in sy totale verband. Hy kan dus nou met meer vertroue sy eie siening van sy taak volbring en die ouer help om die skool se gees en rigting te formuleer en te kontroleer.
- 8 die kind * Ja
die ouer * Ja
die onderwyser * Ja
- 9 die kind * Ja beslis. Ken die kind/huis/ouer is noodsaaklik vir effektiewe onderwys
die ouer * Ja. Ouer kan ook geskore word tot beter vennoot
die onderwyser * Ja. Vergemaklik kommunikasie en terugvoering.
- 10 die kind * Ja
Dit skep 'n eenheid in die opvoeding en is 'n dubbele aandrang (wederwyds ondersteunend) van huis en skool om dieselfde identiteit, waardesisteem, ideale, geloof te vestig en sodoende 'n geïntegreerde persoonlikheid te kweek
die ouer * Die ouer ervaar betrokkenheid i.p.v. uitsluiting by die opvoeding van sy kind. Die ouerlike opvoeding word ondersteun. Die terugvoering stel die ouer in staat om saam te werk aan die oplossing van probleme wat sy kind ervaar
die onderwyser * Die onderwyser kry deur kontak met die ouer insig in die basis waarop hy voort moet bou.

VRAAG 10: Hoe word ouer- onderwyserkontak in Blanke onderwys in die Republiek van Suid-Afrika bewerkstellig?

10.1 Baie effektief; effektief of onvoldoende

10.2 Indien ouer- onderwyserkontak onvoldoende in die RSA is, hoe sal dit, volgens u oordeel, reggestel kan word?

RESPONDENTANTWOORD

- 1 10.1 Effektief
10.2 -
- 2 10.1 Effektief
10.2 -

RESPONDENTANTWOORD

- 3
- 10.1 Onvoldoende
- 10.2 * As ouers die plek, doel en taak van die Afrikaanse Ouervereniging reg insien en dit positief ondersteun kan dit 'n wêreld se verskil maak
- * As die Ouer-Onderwysersvereniging nie net help koekbak en funksies hou nie kan hulle ook 'n positiewer bydrae lewer
- * Ouers kan sorg dat hulle op persoonlike vlak kontak hou met die onderwysers van hulle kinders - braaivleis, etes ens.
- 4
- 10.1 Baie effektief
- 10.2 Die ouer sal soveel moontlik by buitemuurse bedrywighede betrek moet word. Voortrekkers moet uitsluitlik deur ouers gegee word. Die hoof en personeel moet ouers laat voel dit is nie hulle skool nie maar ons skool. Ouers moet met vrymoedigheid oor enige saak met die hoof kan gesels. Ouers moet die geleentheid gegee word om nie net finansieël 'n bydrae tot die skool te maak nie.
- 5
- 10.1 Effektief
